HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 103 van 2026**

16 September 2026

Geagte Graad 10-ouer/-voog

**KENNISGEWING OOR DIE BYWONING VAN DIE GASVRYHEIDSTUDIES PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT)**

Neem asseblief kennis dat u seun of dogter sy/haar praktiese assesseringstaak (PAT) vir die einde van die jaar op Saterdag, 19 September 2026 moet voltooi. Die praktiese evaluering sal van 08:00 tot 10:00 plaasvind.

Leerders moet gepas vir die restaurantomgewing aantrek en 'n sjefbaadjie, 'n sjefkappie en lang *jeans* dra. Hierdie praktiese punt, tesame met die skriftelike voorbereiding, sal 50% tot hul finale jaareindpunt bydra. Bywoning is verpligtend, aangesien dit 'n kritieke deel van hul eksamen is. Ons vertrou dat alle ouers die nodige vervoerreëlings sal tref, om te verseker dat leerders betyds opdaag en stiptelik na die sessie afgehaal word.

Dankie vir u voortdurende ondersteuning.

Vriendelike Randjiegroete

S. Louw
Gasvryheidstudiesonderwyser

pp
P. Booysen
Skoolhoof